PREPARED BY : DRS05035 - L MADLALA

PICKING SLIP NR : 96007
FIRM FILE NR... : MACROPLAN

PROPERTY DETAILS PRINT FOR PORTION 30
OF PORTION 29
FARM NO 36
REG DIV KENHARDT RD

| | |
|---|---|
| PROVINCE | NORTHERN CAPE |
| PREV DESCRIPTION | |
| DIAGRAM DEED NO | T70957/2003 |
| EXTENT | 50.0020 H |
| CLEARANCE | DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT |
| FARM NAME | BLAAUWS KOP |

NO INTERDICTS

| DOCUMENTS | HOLDER | AMOUNT | O/P/A | SCAN/MICRO REF | MMDD |
|---|---|---|---|---|---|
| CONVERTED FROM CTN | | | | | |

OWNER DETAILS

| FULL NAME & SHARE | PURCH DATE | AMOUNT/REASON | O/P/A | IDENTITY | DATE OF BIRTH | TITLE DEED | MMDD | SCAN/MICRO REF |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| MUN KAI GARIB | | | | | | T62545/2006CTN | 0815 | |
| | 20060525 | R19177.00 | | | | | | |

* O/P/A - O - MULTIPLE OWNER P - MULTIPLE PROPERTY A - MULTIPLE OWNER AND PROPERTY

** PLEASE NOTE : THE INFORMATION APPEARING ON THIS PRINTOUT IS FURNISHED FOR PURPOSES OF INFORMATION ONLY.
FOR MORE DETAILED INFORMATION, PLEASE REFER TO THE REGISTERED SOURCE DOCUMENTS.

* * * END OF REPORT * * *

52
BISSET BOEHMKE MCBLAIN ING

Opgestel deur my

TRANSPORTBESORGER
R ELS

FEE
R 55,00

Gesertifiseer 'n ware afskrif in terme van die bepalings van Regulasie 66 kragtens die Registrasies van Aktes Wet, No 47
Certified a true copy in terms of the provisions of Regulation 66 under the Deeds Registries Act, no 47 of 1937

FOR INFORMATION ONLY
SLEGS VIR INLIGTING

Registrasiekantoor
Deeds Registry

Datum/Date 2020-03-02

REGISTRATEUR VAN AKTES
REGISTRAR OF DEEDS

UITGEREIK VIR INLIGTING DOELEINDES
ISSUED FOR INFORMATION PURPOSES

# TRANSPORTAKTE

T 000062545/2006

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK DAT

RONEL ELS

voor my verskyn het, REGISTRATEUR VAN AKTES, te KAAPSTAD, hy die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n Volmag aan hom verleen deur

**JAN JOHANNES JORDAAN**
**IDENTITEITSNOMMER 510108 5073 08 9**
**ONGETROUD**

geteken te UPINGTON op 27 JUNIE 2006

En genoemde Komparant het verklaar dat sy prinsipaal, op 25 MEI 2006, waarlik en wettiglik verkoop by Privaat ooreenkoms, en dat hy, in sy voorgenoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van

**KAI! GARIB MUNISIPALITEIT**

Hul opvolgers in titel of regverkrygendes,
titel of Regverkrygendes in volkome en vrye eiendom,

**GEDEELTE 30 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 29) VAN DIE PLAAS BLAUWS KOP NR 36),**

**GELEë IN DIE KAI! GARIB MUNISIPALITEIT,**

**AFDELING KENHARDT, PROVINSIE NOORD-KAAP;**

**GROOT: 50,0020 (VYFTIG KOMMA NUL NUL TWEE NUL) HEKTAAR;**

**AANVANKLIK OORGEDRA EN NOG STEEDS GEHOU KRAGTENS TRANSPORTAKTE NR T 70957/2003 MET KAART LG NR 1197/2002 WAT DAAROP BETREKKING HET.**

**I. Wat betref die figuur x B C y op Kaart Nr 1197/2002 hierby aangeheg:**

A. Onderhewig aan die voorwaardes waarna verwys word in die gesegde Akte van Transport Nr T 4512/1915 en

B. Aan die volgende voorwaarde daarin bevat, naamlik :

"The Appearer's Constituent and his Successors in title or assigns shall have free and undisturbed access to the now-existing three drinking places on the Orange River and to use the water for domestic purposes and stock farming purposes whenever there is not sufficient water for the said purposes in the water furrow between the remainder of the said farm and the Orange River."

UITGEREIK VIR INLIGTING DOELEINDES
ISSUED FOR INFORMATION PURPOSES

die genoemde Komparant se Prinsipaal synde John Harms van Niekerk as eienaar van die restant van die gesegde plaas "Blaauwskop" onder Grondbrief gedateer 17 November 1893 (Kenhardt Erfpagte Vol 1 Nr 14);

C. Verder onderhewig aan en geregtig op voordele onder die serwituut waarna verwys word in die endossement gedateer 8 Junie 1940, en 30 November 1942, op die gesegde Akte van Transport Nr T 4445/1940, watter endossemente soos volg lui :-

Gedateer 8 Junie 1940

"Restant – Registrasie van Serwituut

Kragtens Akte van Transport Nr T 5550/1940 gedateer 8.6.40 is die eienaar van die grond gehou daaronder geregtig op weireg op die restant van die grond hieronder gehou en is belet (1) om haar water- en weiregte te verkoop ens., (2) om grond te verkoop aan Naturelle ens., (3) om geen handels- of dranklisensies te verkry sonder die toestemming van die eienaars van die restant hieronder gehou onderworpe aan die voorwaardes en soos meer breedvoerig blyk uit die gesegde Akte van Transport."

Gedateer 30 November 1942

"Restant – Registrasie van Serwituut

Die volgende Transport Aktes No. 14350/42, No.T14351/42, No 22302/54, No 9806/58 en No14230/62 is ook onderhewig aan die terme en voorwaardes van die serwituut endossement gedateer 8 Junie 1940 hierop."

D. Verder onderhewig aan die nuut opgelegde voorwaarde, dat die Transportgewers die gesegde Gustav Peter Lutz en Stephanus Malan besigheid doende in vennootskap onder die firma naam LUTZ & MALAN, in aandele van twee derdes en eenderde respektiewelik alle Mineraleregte, in sover dit nie reeds deur die Staat gereserveer is nie, reserveer onderhewig aan die volgende :-

"Die Transportgewers hou die reg van toegang tot die verkoopte gronde uit vir hulle-self en vir hulle werknemers vir alle prospekteermyn of delfbedrywighede; en vir die oprigting van alle masjienerie in verband daarmee, asook die reg op die gebruik van water uit die Blaauwskop Besproeiingsvoor vir sodanige bedrywighede vry van betaling. Die Transportgewers sal egter verplig wees om redelike vergoeding te betaal soos onderling ooreengekom te word vir skade aan die transportnemers se eiendom aangerig deur die prospekteer- myn- of delfbedrywighede, en ingeval die partye nie tot 'n ooreenkoms kan geraak omtrent die bedrag van vergoeding wat betaal moet word nie, sal hulle verplig wees om die saak aan arbitrasie te onderwerp in terme van die arbitrasiewette van tyd tot tyd van toepassing in die Kaap-provinsie."

Die volgende mineraleregte is aan die Kroon gereserveer in die Grondbrief van die gesegde plaas "Blaauwskop" uitgereik ten behoewe van J.H.van Niekerk op 17 November, 1893 (Kenhardt Erfpagte Boek 1 Nr.14), voorwaarde V waarvan as volg lui :-

"V. That all rights to gold, silver and precious stones found or discovered at any time on or in the said land shall be reserved to the Crown, together with a right of ingress to and egress from any mines or works undertaken for mining or

UITGEREIK VIR INLIGTING DOELEINDES
ISSUED FOR INFORMATION PURPOSES

prospecting purposes by any person or persons authorised by the Commissioner, but subject always to the provisions of the Act No.44 of 1887 or any other Act to be hereafter passed with regard to prospecting and mining for precious stones and minerals."

E. Onderhewig verder aan die endossement gedateer 20 Junie 1963 op Transportakte T 8791/1963, welke lees as volg :

"Sertifikaat van Minerale Regte Nr 12/1963 uitgereik ingevolge Art 71 van Wet 47 van 1937, ten opsigte van alle minerale regte uitgesonderd goud, silwer en edelgesteentes wat aan die Staat gereserveer is."

F. Onderhewig verder aan die endossement gedateer 16.11.73 op die A/K afskrif, welke lees as volg :

"<u>Endossement kragtens Artikel 31 (6) van Wet Nr.47 van 1937 (soos gewysig).</u>

'n Gedeelte van die eiendom hierin vermeld in para 1 groot ± 1,0050 ha is onteien deur die Afdelingsraad Kenhardt kragtens Art 130 van Ord 15/1952. Vide onteieningskennisgewing Nr.R/2/6 d.d 29.5.71 geliasseer as onteienings caveat EX 488/72 planne in tweevoud geliasseer hiermee."

G. Onderhewig verder aan die endossement gedateer 6 Desember 1988 op Transportakte Nr T 8791/1963, welke lees as volg :

(a) 'n ewigdurende serwituut van waterleiding (d.m.v. kanaal) oor 1,3800 ha.

(b) 'n ewigdurende serwituut van waterleiding (d.m.v. 'n duikpyp) oor 3500 meter.

(c) 'n ewigdurende serwituut van waterleiding (d.m.v. pyplyn) oor 1050 vierkante meter.

gesedeer aan REPUBLIEK VAN SUID – AFRIKA deur Akte van Sessie Nr. K1147/1989."

**II. Wat betref die figuur x y D E F G A op Kaart Nr. 1197/2002 hierby aangeheg :**

**ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES**

A. Onderhewig verder aan die voorwaardes waarna verwys word in Akte van Transport Nr T 4512/1915, en

B. Aan die volgende voorwaarde daarin bevat, naamlik :-

"The Appearer's Constituent and his Successors in title or assigns

shall have free and undisturbed access to the now-existing three drinking places on the Orange River and to use the water for domestic purposes and stock farming purposes whenever there is not sufficient water for the said purposes in the water furrow between the remainder of the said farm and the Orange River."

die genoemde Komparant se Prinsipaal synde John Harms van Niekerk as eienaar van die restant van die gesegde plaas "Blaauwskop" onder Grondbrief gedateer 17 November 1893 (Kenhardt Erfpagte Vol.1 Nr.14) ;

C. ..........

D. ..........

E. Verder onderhewig aan en geregtig op voordele onder die Serwituut waarna verwys word in die endossement gedateer 8 Junie 1940 op Sertifikaat van Nedersettings Titel Nr 4446/1940, wat soos volg lui :-

"<u>REGISTRASIE VAN SERWITUUT</u>

Kragtens Aktes van Transport Nos. 5550 ged. 8.6.40, 14350-14351/1942, 2491/1943, 3176/1943, 3521/1944, 12881/1944, 18466/1944, 2417/45; 6592/46; 11322/47, 9806/58, T14230/62 is voorsiening gemaak vir die oprigting van 'n besproeiingsraad vir die beheer van die Blaauwskop besproeiingsvoor tesame met bygaande regte, en regte van water uit die gesegde voor ten gunste van die gesamentlike eienaars. Soos meer breedvoerig sal blyk uit die gesegde Akte van Transport."

F. Verder onderhewig aan die nuut opgelegde voorwaarde, dat die Transportgewers die gesegde Gustav Peter Lutz en Stephanus Malan besigheid doende in vennootskap onder die firma naam LUTZ & MALAN, in aandele van twee derdes en eenderde respektiewelik alle Mineraleregte, in sover dit nie reeds deur die Staat gereserveer is nie, reserveer onderhewig aan die volgende :-

"Die Transportgewers hou die reg van toegang tot die verkoopte gronde uit vir hulle-self en vir hulle werknemers vir alle prospekteermyn of delfbedrywighede; en vir die oprigting van alle masjienerie in verband daarmee, asook die reg op die gebruik van water uit die Blaauwskop Besproeiingsvoor vir sodanige bedrywighede vry van betaling. Die Transportgewers sal egter verplig wees om redelike vergoeding te betaal soos onderling ooreengekom te word vir skade aan die transportnemers se eiendom aangerig deur die prospekteer – myn – of delfbedrywighede, en ingeval die partye nie tot 'n ooreenkoms kan geraak omtrent die bedrag van vergoeding wat betaal moet word nie, sal hulle verplig wees om die saak aan arbitrasie te onderwerp in terme van die arbitrasiewette van tyd tot tyd van toepassing in die Kaap – provinsie."

Die volgende mineraleregte is aan die Kroon gereserveer in die Grondbrief van die gesegde plaas "Blaauwskop" uitgereik ten behoewe van J.H. van Niekerk op 17 November, 1893 (Kenhardt

Erfpagte Boek 1 Nr.14), voorwaarde V waarvan as volg lui :-

"V. That all rights to gold, silver and precious stones found or discovered at any time on or in the said land shall be reserved to the Crown, together with a right of ingress to and egress from any mines or works undertaken for mining or prospecting purposes by any person or persons authorised by the Commissioner, but subject always to the provisions of the Act No. 44 of 1887 or any other Act to be hereafter passed with regard to prospecting and mining for precious stones and minerals."

G. Onderhewig aan die endossement gedateer 20 Junie 1963 op Transportakte T 8791/1963, welke lees as volg :

"Sertifikaat van Minerale Regte Nr. 12/1963 uitgereik ingevolge Art 71 van Wet 47 van 1937, ten opsigte van alle minerale regte uitgesonderd goud, silwer en edelgesteentes wat aan die Staat gereserveer is."

H. Onderhewig verder aan die endossement gedateer 16.11.73 op die A/K afskrif, welke lees as volg :

"Endossement kragtens Artikel 31 (6) van Wet Nr. 47 van 1937 (soos gewysig).

'n Gedeelte van die eiendom hierin vermeld in para 2 groot ± .,2352 ha is onteien deur die Afdelingsraad Kenhardt kragtens Art 130 van Ord. 15/1952. Vide onteieningskennisgewing Nr.R/2/6 d.d. 29.5.71 geliasseer as onteienings caveat EX 489/72 planne in tweevoud geliasseer hiermee."

I. Onderhewig verder aan die endossement gedateer 16.11.73 op die A/K afskrif, welke lees as volg:

"Endossement kragtens Artikel 31(6) van Wet Nr 47 van 1937 (soos gewysig)

'n Ged van die eiendom hierin vermeld in para 2 groot 1,0746 ha is onteien deur die Afdelingsraad Kenhardt kragtens Art 130 van Ord 15/1952. Vide onteieningskennisgewing Nr R/2/6 d.d. 29.5.71 geliasseer as onteienings caveat EX 498/72 planne in tweevoud geliasseer hiermee.

UITGEREIK VIR INLIGTING DOELEINDES
ISSUED FOR INFORMATION PURPOSES

J. Onderhewig aan die endossement gedateer 27.9.1984 op Transportakte T8791/1963, welke lees as volg :

"ENDOSSEMENT

Kragtens Akte van Transport T 48698/1984 hede gedateer is die Restant van die hierinvermelde eiendom geregtig op 'n serwituut pad 7 meter wyd oor Perseel 122 en Perseel 146 daar deur getransporteer die hele Noord Oostelike grens waarvan aangedui is op Kaart No.5382/1982 en 5349/1982 daaraan geheg deur die lyn A.B. onderskeidelik."

K. Verder onderhewig aan die endossement gedateer 24.9.1987 op Transportakte T8791/1963, welke lees as volg :

"RESTANT PARA 2.

Kragtens Transportakte T45713/1987 is die Restant van Ged. 3 van die Plaas Blaauwskop Nr. 36 geregtig op die volgende voorwaarde oor Perseel 95 Blaauwskop Nedersetting :

"Geen Handels – en Dranklisensies sal verkry, toegelaat of uitgeneem word sonder die skriftelike toestemming van die transportgewer of sy regsopvolgers nie."

soos meer volledig sal blyk uit gesegde Transportakte.

L. Verder onderhewig aan die endossement gedateer 24.9.1987 op Transportakte T8791/1963, welke lees as volg :

"RESTANT PARA 2.

Kragtens Transportakte T45715/1987 is die Restant van Ged.3 van die Plaas Blaauwskop Nr. 36 geregtig op die volgende voorwaarde oor Perseel 95 Blaauwskop Nedersetting :

"Geen handels- en dranklisensies sal verkry, toegelaat of uitgeneem word sonder die skriftelike toestemming van die transportgewer of sy regsopvolgers nie."

soos meer volledig sal blyk uit gesegde Transportakte.

M. Onderhewig verder aan die endossement gedateer 6 Desember 1988 op Transportakte T 8791/1963, welke lees as volg :

"(a) 'n ewigdurende serwituut van waterleiding (d.m.v. kanaal) oor 11,6800 ha.

(b) 'n ewigdurende serwituut van waterleiding (d.m.v. duikpyp) oor 1,2200 ha.

c) 'n ewigdurende serwituut van waterleiding (d.m.v. duikpyp) oor 2300 meter.

UITGEREIK VIR INLIGTING DOELEINDES
ISSUED FOR INFORMATION PURPOSES

(d) 'n ewigdurende serwituut van waterleiding (d.m.v. 8 pypleidings) oor 9450 vierkante meter.

gesedeer aan REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA deur Akte van Sessie Nr K1147/1989."

N. Verder onderhewig aan die endossement gedateer 25 Mei 1990 op Transportakte T8791/1963, welke lees as volg :

"Kragtens T29320/90 is Para 2 hierin beskryf, geregtig op 'n padserwituutgebied soos aangetoon op onderverdelingskaart Nr.5424/89, oor perseel 150 Blaauws Kop Nedersetting, groot 16,9640 ha soos meer volledig sal blyk uit bovermelde transportakte."

O. ONDERHEWIG aan die voorwaarde dat bogemelde eiendom getransporteer word geregtig op 'n padserwituut 6 meter wyd oor die Restant van Gedeelte 3 van die Plaas Blaauws Kop Nr.36, geleë in die Kai ! Garib Munisipaliteit, Afdeling Kenhardt, Provinsie Noord-Kaap, Groot 392,8639 hektaar oor roetes soos deur die transportgewer aan die transportnemer uitgewys te word.

WESHALWE die komparant afstand doen van al die regte en titel wat

TRANSPORTGEWER

voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken het dat hy geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde

TRANSPORTNEMERS

Hul opvolgers in titel of regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken dat die munisipale waardasie van die eiendom die bedrag van R19 177,00 (NEGENTIEN DUISEND EEN HONDERD SEWE EN SEWENTIG RAND) beloop.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde Registrateur, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en dit met die ampseël bekragtig het.

Onderteken, verly en met die ampseël bekragtig op die kantoor van die Registrateur van Aktes te Kaapstad op 15/8/2006

q.q.

In my teenwoordigheid

REGISTRATEUR VAN AKTES